# KINDERKERK LES: 6. Nuwe lewe in Christus

**Doel van les:**

- Kinders gaan in hierdie les meer prakties leer oor 'n nuwe skepsel word in Christus.

**Sê:** Wie van julle hou van popcorn eet? Wie van julle het al gestaan by die mikrogolfoond en luister hoe die popcorn pop? Of by mamma wanneer sy dalk popcorn op die stoof spring? Ons gaan vandag bietjie pop soos popcorn.

**Ysbreker 1: Springmielie pop:** Laat die kinders in 'n sirkel staan. Leer hulle hoe om te "pop" soos springmielie pitte. Dit word gedoen deur in die lug te spring, gelyktydig jou hande te klap en "pop" uit te roep.

Wanneer jy dink hulle is reg vir die speletjie, vra hulle om spontaan te probeer pop, maar nie wanneer iemand anders pop nie. (Maak asof jy 'n mikrogolfoond beheer, die "popcorn" insit en aansit om die popcorn te laat pop). Eerlikheid is belangrik in die speletjie so as jy dink dat jy saam met iemand gepop het, dan gaan sit jy. Hou aan speel totdat daar 'n wenner is.

**Ysbreker 2: Springmielie kenmekaar:** Laat kinders aan een kant van vertrek staan, nie te naby mekaar nie. Hulle moet gebukkend staan. Lees 'n stelling en as dit van toepassing is op die kind, dan kan hulle opspring soos 'n springmielie en "pop" uitroep. Hulle buk dit dan weer af en luister na volgende stelling.

- Ek het 'n beste maatjie;
- Ek het 'n hondjie;
- My verjaarsdag is in Maart;
- Ek het al 'n slang vasgehou;
- Ek hou van hamburgers;
- Ek het sandale aan;
- Ek hou van somer;
- Ek het bruin oë;
- My gunsteling kleur is pers;
- Ek hou van skool

Gee vir elke kind 'n springmielie pit en vra vir hulle om dit te beskryf. Hoe voel dit, hoe lyk dit, selfs hoe ruik dit.

Gee nou vir elke kind 'n gespringde springmielie en vra dat hulle dit beskryf.

**Sê:** Ek hou nogals van springmielies en as ek na die harde springmielie pit kyk, sal ek nooit kan dink dat die lekker popcorn wat ek eet daaruit kom nie. Dis dan so hard en proe nie na iets nie.

Tog as ek hom in 'n warm pot met olie sit dan verander hy na iets wat heeltemal anders lyk en baie lekker is om te eet. Weet julle dis nogals wat gebeur wanneer ons ons hartjies vir Jesus gee. Voor Jesus se Heilige Gees in ons hartjies kom woon, is ons hartjies hard en lelik van sonde. Wanneer ons besluit om Jesus te volg, verander Hy ons heeltemal. Selfs nog meer as die springmielie pit na die lekker springmielie. Kom ek vertel julle van iemand in die Bybel met wie dit gebeur het.

**Storietyd: Handelinge 9:1-19**

**Die Here praat met Paulus**

(Jy kan vir elke kind 'n paar brille/sonbrille gee om aan te trek terwyl storie gelees word).

Daar is 'n man in Jerusalem en sy naam is Paulus. Op 'n dag reis hy na die stad Damaskus. Daar woon mense wat in Jesus glo. Paulus dink nie Jesus is God se Seun nie. En nou wil hy hierdie mense wat oor Jesus praat gaan straf.

Naby Damaskus kom daar skielik 'n skerp lig uit die hemel. Paulus hou sy hande voor sy oë en val op die grond neer. Toe hoor hy 'n stem: "Paulus, Paulus, hoekom vervolg jy My?" Paulus skrik. Hy sien niemand, hy hoor net die stem uit die hemel.

"Wie is U, Here?" vra hy bang.

Die stem sê: "Ek is die Here Jesus. Hoekom haat jy My en My vriende?" Nou is Paulus éérs bang. Hy het gedink Jesus is dood, maar hier praat Jesus met hom! Toe weet Paulus: Jesus is regtig die Seun van God. "Here, wat moet ek doen?" vra hy.

Jesus antwoord: "Gaan na Damaskus en daar sal Ek vir jou sê wat jy moet doen." Die skerp lig gaan weg, maar skielik is Paulus blind. Die mense by hom help hom verder op sy pad. Hulle kom in Damaskus aan, maar Paulus kan niks sien of doen nie. Nou het hy baie tyd om te dink oor hoe verkeerd hy was. Hy bid en sê: "Jesus, ek glo nou in U. Ek is jammer dat ek U vyand was. Ek wil nou U vriend wees."

Toe stuur die Here 'n man na Paulus was sê: "Paulus, die Here wil hê jy moet weer sien en vir die mense van Jesus vertel."

Sommer dadelik kan Paulus weer sien. Hy het die Here baie liefgekry. Hy het vir die mense van Jesus vertel en vir hulle gebid. En baie mense het in Jesus geglo.

Verhaal geneem uit Ons eie kleuterbybel, Juliana Nothnagel, Johann Strauss, bl144-145

**Sê:** Maatjies, voordat Paulus sy hart vir Jesus gegee het, het hy die mense wat in Jesus geglo het laat doodmaak. Sy hart was soos daar harde mieliepit. Toe hy sy hartjie vir Jesus gee, het hy verander in 'n vriend van Jesus en wou hy oral ander van Jesus vertel. Hy het toe geraak soos daardie lekker gespringde popcorn. Buitekant het hy dieselfde gelyk, maar aan die binnekant het sy hartjie heeltemal verander van hard na mooi, sag en skoon.

**Aktiwiteit:** Gee vir elke kind die Saulus/Paulus inkleurprentjie.

Sluit af met gebed in groepe.